AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Spesialis:* OUDIOVISUEEL

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans 'n voltydse pos vir 'n spesialis in die Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT)-afdeling beskikbaar. Hierdie pos sal in Centurion gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

Die spesialis: Oudiovisueel speel 'n sleutelrol in die installering, ondersteuning en instandhouding van oudiovisuele stelsels. Dit sluit in die hantering van oudio- en videotoerusting soos skermgooitoerusting, projektors en mikrofone, die verskaffing van tegniese ondersteuning tydens klasaanbiedingsgeleenthede, die opsporing en oplossing van toerustingsuitdagings, en installering van nuwe stelsels.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- installeer van oudiovisuele oplossings
- deurlopende monitering van oudiovisuele stelsels
- oorsaakanalise en hantering van oudiovisuele uitdagings
- bestuur van oudiovisuele bates
- oudiovisuele sekuriteit en rugsteun
- dokumentering van komplekse probleemoplossings en -insigte

## POSVEREISTES

- sertifisering as gesertifiseerde tegnologiespesialis (CTS) met AVIXA of soortgelyke relevante oudiovisuele kwalifikasie
- vyf jaar se ervaring in die nodige oudiovisuele take

## VAARDIGHEDE

- die vermoë om komplekse stelsels, argitektuur, sagteware en hardeware te verstaan en probleme op te los
- tegnieke om die fundamentele redes agter oudiovisuele stelselfoute te identifiseer, nie net die simptome (tekens) nie
- gevorderde kritiese denke om oplossings vir uitdagende en ingewikkelde probleme te ontwikkel
- duidelike kommunikasievaardighede om komplekse tegniese probleme aan beide tegniese en nietegniese belanghebbendes te verduidelik
- die vermoë om veranderinge aan stelsels en prosesse te bestuur en te implementeer sonder om IT-dienste te ontwrig
- identifisering en vermindering van risiko's om diensontwrigtings te voorkom
- 'n sterk fokus op die voldoening aan kliëntebehoeftes en die verbetering van hul ervaring met IT-dienste
- vaardighede in die ontwerp, implementering en optimalisering van gevorderde oudiovisuele oplossings en -stelsels
- 'n tegniese aanleg, probleemoplossingsvaardighede en goeie gebruikerskoördinasie (vereiste)

Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op **14 April 2026** ingedien word. Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.